

Die moed van die geloof

Die laaste fase van die verspreiding van die Woord van God in die destydse wêreld het aangebreek. Paulus word nie vrygelaat nie, nie omdat hy skuldig is nie, maar omdat hy hom op die keiser beroep het. Nou is hy op pad na Rome. Reeds in Hand 19:21 word dié stad as Paulus se eindbestemming aangegee. Paulus se lankgekoesterde ideaal én God se plan vir die verspreiding van die evangelie is besig om in vervulling te gaan.

Aangrypend is Lukas se beskrywing van hulle seereis en skipbreuk. Skaars is Paulus uit die hande van die Jode verlos, of die see loods 'n aanslag op sy lewe. Hierin moet ons die werk van Satan sien wat wil verhinder dat God sy plan met Paulus volvoer. Die spanning begin reeds vroeg in die reis op laai as vertel word hoe swaar die skip teen die wind kry (vers 4), en dat hulle met moeite hulle verskillende bestemmings bereik (verse 7-8). Boonop verneem ons in vers 9 dat dit reeds gevaarlik geword het vir skeepvaart. Dit was net voor die winter – in die noordelike halfrond van November tot Maart – wanneer alle skeepvaart tot stilstand gekom het. Merkwaardig is die rol wat Paulus speel. Ten spyte daarvan dat hy 'n gevangene is, is hy tog die hooffiguur. Hy gee profetiese weg wysing (vers 10) en in die moeilikste omstandighede neem hy die leiding met waarskuwings en bemoediging (verse 21-26; 33-34). Hier word die moed van die geloof duidelik geteken. So skets Lukas vir Paulus as die werktuig van die Here. Dit is ter wille van Paulus en die verkondiging van die evangelie in Rome dat die Here almal spaar (vers 24). God is immers die Here van die sending. 'n Mens kan jou baie ellende spaar deur op die Here se waarskuwings ag te slaan. Besit ons so 'n geloofsvertroue? Rus in die sekerheid dat iemand ook jou lewe lei? Vrees, ang, is iets waarop die mooiste betoog geen invloed het nie en dit wyk nie voor die oortuigendste redenering nie. Maar vrees en vertroue kan saamgaan in 'n mens se lewe. Psalm 54:6 lui: “Die dag as ek bang word, vertrou ek net op U.” Wat maak klein kindertjies as dit buite storm? Hulle klou styf vas aan ma of pa. Ons is ook dikwels bang in die wêreldstorms wat dreigend ons lewe benou. Wat moet ons doen? Skuil by ons hemelse Vader. Die dag as ek bang word, vertrou ek net op U. Dit is die moed van die geloof.

Sing: Psalm 46:1

Prof F Denkema (Potchefstroom)